

Inhoud Hierdie preek wys dat God ons vir sy liefde en diens vervolmaak binne sy skepping. Daarom is God self ons vaderland en stad binne die skepping, ons tuiste. Goddeloses glo hulle kan die skepping by God kaap en God en ons vreemdelinge en bywoners in die skepping maak. Dit is hulle waanbeeld oor God en hul eie wêreldryke. Hulle kan God en ons net vreemdelinge en bywoners in hul wêreldryke maak, maar God maak ons sy tuiste binne sy skepping.

Skriflesing Hebreërs 11: 13 – 16, 32 – 40; 12: 22 – 24.

Teks Heb. 12: 22 “Julle het aangekom by die berg Sion en die stad van die lewende God.

Tema Christus maak ons lewe met God in sy skepping volmaak

1. Is ons wie ons moet wees en waar ons moet wees of is ons onvervulde mense?

Hebreërs 12: 22 verklaar dat ons as gelowiges het reeds by ons bestemming aangekom. Ons het gearriveer.

Wie ons moet wees en waar ons moet wees om onself te kan wees, is in en by Jesus Christus, want dit is Christus wat ons as regverdiges vervolmaak. Hy maak ons volmaak! Daarom is ons wie ons moet wees en waar ons moet wees.

Hy maak ons volmaakte mense, vervulde mense!

2. Met hierdie verklaring spreek Hebreërs die diepste krisis van die gelowiges binne die godloosheid van die Romeinse ryk aan. Binne hierdie godlose wêreldmag en wêreldgemeenskap is die gelowiges volgens Hebreërs nou vreemdelinge en bywoners. Dit is ook hoe die apostel Petrus die gelowiges in die Romeinse wêreldryk aanspreek in 1 Petrus 1: 1.

Hierdie status binne die wêreldgemeenskap is die posisie van Abraham in die beloofde land Palestina gewees. Hy word in die Bybel as vreemdeling en bywoner beskryf. Dit is ook hoe hy in Hebreërs 11: 9 beskryf word – bywoner in 'n vreemde land.

“Vreemdeling” beteken om nie 'n burger met burgerregte van 'n land te wees nie. Dit beteken om net op vergunning van mense met burgerregte te leef, sonder om self burgerskap te hê. Dit beteken ook dat jy nooit regtig eiendom kan besit nie.

“Bywoner” beteken om net 'n tydelike inwoner te mag wees vir jou bruikbaarheid maar self nooit die land of gemeenskap jou tuiste te mag maak nie.

Christus maak ons lewe met God in sy skepping volmaak

As vreemdeling en bywoner mag jy nooit jouself wees vir wie en soos jy is nie, maar moet jy eers transformeer om soos die ander te word wat regmatige inwoners en bewoners is. Dit is soos ons kinders Afrikaans in al vreemde lande van die wêreld is en ons al reeds self in Suid-Afrika is: ons mag nie Afrikaners wees nie, maar word verdra vir ons bruikbaarheid met die verwagting dat ons sal inpas en aanpas deur onself te transformeer.

Christene is volgens Hebreërs vreemdelinge en bywoners in hierdie godlose wêreldgemeenskap.

3. Teenoor hierdie bestaan as vreemdelinge en bywoners in hierdie godlose wêreld, verklaar Hebreërs dat God vir ons 'n hemelse vaderland en hemelse stad gemaak het – 'n stad en land waar ons onself as gelowiges kan wees.

Die grootste fout wat ons oor hierdie hemelse vaderland en stad kan maak, is om te dink dat dit 'n plek buite die skepping is. Dan sal ons dit verkeerdelik só sien: “die aarde en die skepping is die tuiste vir goddeloses maar die hemel buite die skepping is die plek waar ons as gelowiges eendag na ons dood tuis sal wees.”

Wie volgens hierdie wanopvatting leef, leef in die onhoudbare spanning dat die Skepper ons nie binne sy skepping kan tuis maak as ons woning nie. Die Skepper se skepping kan nooit ons tuiste wees nie!

Wat is hierdie hemelse vaderland en stad wat God vir ons voorberei het?

Hebreërs 12: 22 – 24 stel dit duidelik – die berg Sion en die stad van die lewende God, is Jesus Christus die Middelaar van die nuwe verbond. Hy, en nie 'n plek nie, is ons hemelse vaderland en stad!

4. Hoe kan Jesus Christus as Persoon ons hemelse vaderland en hemelse stad wees?

Dit word met 'n besondere woord in Hebreërs aan ons openbaar – vervolmaak!

In Hebreërs 11: 40 word gestel dat al die gelowiges in die Ou Testament word saam met die gelowiges in Christus volmaak gemaak. In Heb. 5:9 word gesê dat Christus deur sy gehoorsaamheid om heilig volgens God se wet sy roeping as Messias vervul het, tot volmaaktheid gebring was. Dit beteken Hy is presies wie Hy vir God moet wees: hy is die Messias soos die Messias moet wees, presies waar Hy dit moet wees – in die liefde van God.

Op hierdie wyse word Christus wat tot volmaaktheid gebring is, vir ons die bron van volmaaktheid, wat beteken Hy maak ons vir God volmaak deur ons te laat deel in sy volmaaktheid.

Christus maak ons lewe met God in sy skepping volmaak

Om volmaak te wees beteken gelyktydig om vir God se liefde heilig te wees deur die een offer wat Jesus Christus gebring het en dat God sy roeping met ons lewe sal voltooi. Daarom beteken om volmaak te wees dat God laat my in hierdie vervulling leef dat Hy laat wees wie ek vir God moet wees, waar ek is. Hy laat dit só wees vir my!

5. Waar doen Christus dit met my: “Ek is wie ek vir God moet wees?”

Hy is my Skepper en Hy laat my vir Hom die volmaakte mens wees waarvoor Hy my bestem het, heilig en diensbaar in my roeping, binne in sy skepping! God maak Homself as God my tuiste in sy skepping! So is God self ons vaderland en ewige stad – in sy skepping!

Nou hoe kan ons dan vreemdelinge en bywoners wees, in hierdie wêreld, wanneer God Hom ons tuiste, ons vaderland en stad laat wees?

Want ons leef as volmaakte mense in sy skepping tussen mense wat leeg is en leeg leef! Dit is mense wat volmaaktheid soek en dink hulle vind hulle volmaaktheid in die aarde en in die skepping sonder die Skepper van die skepping!

Hoe God ons in en deur alles in hierdie skepping vir Hom volmaak laat wees, sien ons in die kontras van die lewens van die volmaaktes in die Ou Testament volgens Hebreërs 11: 32 – 40.

6. Ons moet uiters versigtig wees om die voorbeelde van volmaaktes in hierdie lys as heldefigure en martelare in die menslike sin te sien. Menslike heldefigure en martelare is simbole van menslike deursettingsvermoë, menslike idealisme, menslike prestasie wat sukses, betekenisvolheid en ervaringsrykheid verteenwoordig.

Die kontraste in die lewensuitkomst van die gelowiges wat hier genoem word wil juis die teendeel wys, dat menslike sukses en mislukking, menslike betekenisvolheid of sinloosheid, menslike ervaringsrykheid of mense gestroop van ervaringsvolle lewens, is almal deur God vervolmaak in sy liefde en diens.

Daarom is gelowiges soos Dawid en Salomo wat God koninkryke laat verower het en gelowiges wat God in boeie slawe van heidense wêreldryke gemaak het, almal deur God vervolmaak.

Gelowiges soos Daniël en sy vriende wat uit leeu se bekke deur God gered was en gelowiges wat, volgens vertelling, God beskik het om gestenig te word soos die profeet Jeremia, om middeldeurgesaag te word soos die profeet Jesaja en soos die

Christus maak ons lewe met God in sy skepping volmaak

gelowiges wat kort voor hierdie preek geskryf is deur keiser Nero se leeu verskeur en opgevrete was, almal deur God vervolmaak in sy liefde en diens.

Gelowiges wat deur God se beskikking die swaard ontkom het in oorlog sowel as gelowiges wat deur God se beskikking met die swaard van heidense wêreldryke doodgemaak is, was almal deur God in sy liefde en diens vervolmaak.

Gelowiges wat in hul menslike swakheid van God krag ontvang het om weer hul swakheid te bowe te kom, sowel as gelowiges wat deur hul swakheid behoeftig geword het, verdruk is en mishandel is, is almal deur God vervolmaak gewees in sy liefde en diens.

Gelowiges wat van God die magtigheid ontvang het om hulle teen vyandiges te handhaaf sowel as gelowiges wie God aan hul vyande se mag onderwerp het, sodat hulle verarm in skaapvelle moes rondswerf, in verlate gebergtes en grotte hul tuistes moes gaan maak het, was almal in hul liefde en diens aan God deur God vervolmaak gewees.

8. Die besondere van hierdie lys voorbeelde van gelowiges se lewens en lewensuiteindes, is dat hulle wat volgens menslike maatstaf suksesvol in die lewe was en wie in die lewe misluk het, beide deur God in sy liefde in diens vervolmaak word. God vervolmaak jou in sy diens of deur oorwinnings in oorloë of deur mislukkings waardeur jy 'n slaaf word.

Net so, God vervolmaak jou in sy diens deur 'n betekenisvolle lewe in paleise, skone kunste en bouondernemings soos Dawid en Salomo of God vervolmaak jou in 'n sinlose geswerf deur verlate gebergtes met grotte as blyplek.

Net so vervolmaak God jou in sy diens en liefde deur 'n ervaringsryke lewe soos die van Daniël wat van besondere reddings kan vertel sowel as 'n lewe wat van ervaringsvolheid gestroop is tot 'n lewe van net oorlewing in armoede, verdrukking en behoefte.

Dit is die openbaring van wie God sy kinders vir Hom in hierdie wêreld laat wees: sy volmaakte kinders in sy volmaakte liefde tot die einde toe, deur sukses en mislukkings, betekenisvolheid en sinloosheid, deur ervaringsvolheid en milieugestremdheid.

Gelowiges vind in en deur alle voorspoed en teenspoed, vervulling in wie hulle vir God bedoel is om te wees in elke lewensomstandigheid, op enige plek in God se skepping. Want God laat hulle en hulle lewe vir sy liefde en diens as hulle Skepper volmaak wees vir Hom. Dit is nie of voorspoed of teenspoed in sig self wat ons vervulde mense maak nie.

Christus maak ons lewe met God in sy skepping volmaak

9. Goddeloses maak ons nie skeppingsvreemd nie!

Dit is hoe ons te bloede toe weerstand teen sonde moet bied. Ons kan nie hierdie oproep tot stryd teen sonde op 'n persoonlike vlak verstaan as om persoonlike swakhede en sondige neigings te moet oorkom waarmee ons elke dag sukkel nie.

Hierdie oproep gaan om nie deel te wees van die goddeloses se soeke na volmaakte menswees in en deur die skepping sonder God as Skepper nie. Dit is hoe goddeloses vervulling as mens soek in en deur die skepping self, en nie in en deur God wat jy vir sy liefde en diens volmaak laat wees nie.

Goddeloses moet hulle self volmaak maak, in deur en uit die aarde, sonder diens aan God en buite God as Skepper se liefde vir hulle.

Daarom vind hulle volmaaktheid in suksesvolheid. Suksesvolheid in werk, verhoudings en gesinne gee hulle die vervulling van 'n volmaakte lewe.

Net so vind hulle volmaaktheid deur hulle singewing aan hul lewe. Met natuurervarings, kuns- en skoonheidservarings, met mooi menslike oomblikke of vermaaklikheidservarings. Hulle doen dit ook met spirituele ervarings waarin hulle goddelike betekenis toeken aan hulle eie lewe en persoon, deur selfgemaakte godservarings.

So maak hulle hulself en hul lewe volmaak en vervuld uit en deur die skepping sonder God as Skepper.

10. En dan is dit hulle wat ons binne God se skepping met hulle selfvervolmaking vreemdelinge en bywoners van hul wêreldryke maak!

Dit is hoe ons die werklikheid van wie God vir ons en goddeloses in sy skepping is, moet ontdek. Goddeloses glo hulle het God se skepping by God geërf! Hulle het op sy skepping geslag gelê en Hom van sy skepping vervreem sodat Hy moet aanvaar dat Hy nog net buite die skepping God kan wees. Met hierdie kaping glo goddeloses maak hulle die skepping 'n tuiste vir hul godloosheid en maak hulle hul self as mense volmaak deur die skepping wat hulle by God geërf het, sonder God.

Die getuienis van wie God vir sy kinders is, openbaar juis die teendeel. Aan wie het Palestina behoort? Aan die goddeloses wat dit vir hul goddeloosheid geërf het, of aan Abraham omdat God daar vir Hom God was sodat hy daar God se dienaar kon wees? Tussen hulle goddeloosheid heen, was dit Abraham vir wie Palestina die plek was waar hy vir God volmaak was – binne die skepping waar goddeloses glo hulle maak hom net bywoner en vreemdeling.

Christus maak ons lewe met God in sy skepping volmaak

God maak sy skepping vir ons ons tuiste omdat Hy ons tuiste is! Daarom kan ons Hom as Skepper getrou bly dien terwyl die wêreld glo ons hoort nie in hierdie wêreld wat hulle opeis vir hul selfvervolmaking nie.

Om ten bloede teen sonde te stry, is om nie te glo in die selfgemaakte godlose wêreld waar volmaaktheid gemeet word aan die sukses, betekenisgewing en ervaringswêreld van mense nie, maar te bly glo in jou diens binne God se liefde in sy skepping.

11. Dit is die aanslag teen ons wat ons bywoners en vreemdelinge op aarde wil maak omdat hulle God se skepping vir hulself geëls het, met wetenskap, tegniek en spiritualiteit!

Goddeloses wil met die wetenskap van die skepping, die tegnieke deur die skeppingskragte en hul eie innerlike selfvervolmaking, hul spiritualiteit, maak asof ons liefde en diens vir God skeppingsvreemd is en hulle goddeloosheid die wyse is waarop jy tuis is in die skepping.

Wie God liefhet en dien mag volgens hulle godloosheid net bywoners en vreemdeling van die skepping wees!

Wie leef vervuld as mense in God se skepping? Hulle wie hul self vervolmaak deur die krag en kennis van die skepping, of hulle wie God in sy liefde en diens in sy skepping laat leef?

Wie is tuis in God se skepping? Hulle wie God dien en liefhet in sy skepping, of hulle wie godloos in hul selfgemaakte wêreld binne sy skepping wil leef?

Daarom is hierdie suksesse om sogenaamd deur wetenskap en tegniek jou tuis te maak in die wêreld, leë suksesse, betekenisvolheid wat jy opmaak uit die sin wat jy aan die lewe gee, leë betekenis en die ervaringsrykheid wat jy opbou binne die wêreld wat jy van God geëls het, leë ervarings.

12. Christus is ons stad en ons vaderland binne sy skepping! So is God self ons tuiste in sy skepping en maak Hy ons in sy diens en liefde binne sy skepping volmaak – Hy vervul ons in sy diens en roeping waarvoor Hy ons bestem het, deur alle menslike sukses en mislukkings heen, deur alle betekenisloosheid en sinloosheid heen en deur alle ervaringsvolheid of ervaringsarmoede heen.

Dit is die geborgenheid waarin ons leef deur alle teenspoed en voorspoed heen – God maak ons volmaak in sy liefde en diens in sy skepping. Goddeloses is in sy skepping bywoners en vreemdelinge in hul selfopgemaakte wêreld. Daarom kan ons gemaklik in hul wêreld bywoners en vreemdelinge wees, want God en sy skepping is ons tuiste.

Christus maak ons lewe met God in sy skepping volmaak

Ons sal ten bloede toe bly wie ons is – wie ons vir God is waar Hy vir ons God is: dienaars in sy liefde.

Ons sal nooit onself laat inpas en aanpas in die selfopgemaakte wêreldryke van goddeloses asof hulle God se skepping met hul kennis en wetenskap van God se skepping, by God gekaap het nie.

Daarom sal ons ook alles wat hulle op ons wreek binne hierdie wêreld dra, sonder om in te pas en aan te pas in hul godlose wêreld.

Wanneer hulle ons met geweld oorwin, bly Christus ons vaderland en stad in sy skepping. Ons sal nie deel van hulle godlose wêreldkultuur word nie.

Wanneer hulle hul magtige wêreldryke opbou en ons daarin slawe van hul selfvervolmaking wil maak, sal ons bly wie ons is want Christus is ons vaderland en stad in sy skepping.

Wanneer hulle ons verarm, swerwers maak wat in grotte buite hulle selfgemaakte wêreldryke moet leef, sal Christus ons vaderland en stad wees.

Hulle kan ons nie met hulle selfgemaakte wêreld vervreem van wie God ons in sy skepping laat wees nie, want God maak ons in sy liefde en diens binne sy skepping volmaak. Hulle kapingspoging kan vir hulle wêreld vreemdelinge en bywoners maak, maar nie vir God se skepping nie.

God is ons tuiste in sy skepping!

Wie het Palestina as beloofde land geërf? Abraham of die magtige konings wie van hom 'n vreemdeling en bywoner gemaak het? God die Skepper het hom die beloofde land laat erf omdat Hy Abraham daar vir sy diens vervolmaak het!

Wie is erfgename van die ewige lewe binne God se skepping met God? Ons vir wie God nou ons vaderland en stad, ons tuiste binne sy skepping is! Goddeloses kan ons in hul wêreldryke vreemdelinge en bywoners maak, maar nooit in God se skepping nie. Hulle is in God se skepping die vreemdelinge en bywoners wie sonder God in sy skepping vervulde mense wil wees!